Kersuitgawe 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Hierdie is die **laaste** Hallo.Hoogland vir 2022.

Hou gerus Hoogland se sosiale platforms, veral ***Facebook***, dop vir nuus en enige dringende kommunikasie. Maak ook seker dat u deel is van die Hoogland Whatsapp-groep (079 815 9325).

Die kerkkantoor is GESLUIT vanaf Maandag, 19 Desember 2022 en open weer Maandag, 9 Januarie 2023.
In 'n noodgeval kan ds Pieter gekontak word.

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Paul Stoltz — Deurkollekte: Radio Feba

Ds Pieter geniet 'n bietjie tyd saam met sy gesin tot en met 19 Desember. Kontak gerus die kerkkantoor in 'n noodgeval.

Die 2023 Jaarprogram is beskikbaar by Gemeentedienste en ook gedurende week by die kerkkantoor.

HIER IS WEER 500 SAKKE DROË DORINGHOUT @ R35/SAK

Ondersteun Pearston gemeente asseblief!!

Hoe om te BESTEL en te kom haal - hout is reeds hier

- Skakel Annalize / Leon in die Kerkkantoor en plaas jou bestelling
- Whatsapp jou NAAM & bestelling na 079 815 9325

Afhaaltye (laaste afhaal teen 14 Desember)

- Maandag tot Vrydag 08:00 - 13:00
- Tensy anders gereël met Kerkkantoor

Betaal by Afhaal

- Kontant in 'n koevertjie
- Bewys van EFT betaling

Bestel op die ORANJE bestelvorms by die 2 hoofingange.

Die hout is reeds hier!

Hout moet bestel, betaal en afgehaal word vóór Woensdag, 14 Desember.

Kontak die kerkkantoor vir reëlings met die afhaal van jou bestelling.

Medeleraarspos

Ds Sunell Ribbens het die beroep na Hoogland aanvaar en sal vanaf 1 Januarie 2023 as medeleraar by Hoogland wees.
As Hoogland-familie sien ons daarna uit om vir ds Sunell, DelaRey, Willem-Adriaan en klein Theron hier te verwelkom!

GVG Mentors 2023

Hoogland se kinders benodig GVG Mentors vir Gr 1, 2 & 9, asook mam-mas wat kan help by die Lofkabouters. Bid asseblief daaroor en kom meld aan om só te dien, deur vir Leandra by die kerkkantoor te kontak.
GVG & Lofkabouters begin weer Sondag, 29 Januarie 2023.

Belangrike datums om te ONTHOU :

11 Desember -	09:00 Oggenddiens: Paul Stoltz
16 Desember -	Versoeningsdagboodskap via sosiale media
18 Desember -	09:00 Oggenddiens: ds Izak Liebenberg
25 Desember -	09:00 KERSDAGDIENS (slegs 1 diens): ds Pieter
31 Desember -	Oujaarsdagboodskap via sosiale media
1 Januarie 2023 -	09:00 Oggenddiens: ds Pieter
8 Januarie -	09:00 Oggenddiens: ds Pieter
15 Januarie -	09:00 Oggenddiens: ds Pieter
22 Januarie -	09:00 Bevestiging & Intreepreek: ds Sunell Ribbens
28 Januarie -	Kerkraadsbeplanning
29 Januarie -	09:00 Oggenddiens
	10:00 GVG Ouerontmoeting & Groepsindeling

29 Januarie - 2 Februarie 2023: 18:30 WEEK VAN GEBED

Uit die Hart van die Kantoorpersoneel ...

KERSGEDAGTE van *Angelus Silesius*

"En al word Christus 'n duisend maal in Bethlehem gebore en nie in jou nie, dan bly jy verlore."

Mag die viering van God se liefde deur Jesus se geboorte, nuwe lewe bring in ons harte en lig in ons lewens. Dankie dat ons as Hooglandfamilie saam kon reis deur 2022! Vrede vir elkeen!

Ds Pieter

Sou ek my vreugde en dankbaarheid as Kersgeskenk aan jou gee - sou ek met 'n duisend blomme 'n liefdesband kon smee. Ek sou die witste bloeisels as genade-offer bring, die rooiste rose 'n liefdeslied laat sing. Die lelies van die veld se geur bring ek vir jou... knipoog vergeet-my-nietjies se geluk vir jou. Die ruiker lê ek liefdevol aan jou voete neer, ontvang dit dus met vreugde - in my hart is daar veel meer.

Geseënde Kersfees *Liefde Annalize*

Dankie vir elkeen wat my so vriendelik verwelkom het by PE Hoogland. Mag julle feestyd gevul wees met liefde, lag en saamwees en mag elke dag vir julle vreugde bring in die jaar wat voorlê.

Geseënde Kersfees. *Leon*

Skenk ons 'n helder Somer Kersfees in hierdie land O Heer!
Mag elke Hooglander 'n baie spesiale Somer Kersfees geniet saam met jou geliefdes!
Mag ons oë gerig bly op die Ster van Bethlehem deur 2023!
Vrede, Liefde en vreugde vir julle! *Liefde Leandra*

Die Seun is die sigbare uitbeelding van die onsigbare God ...
Kol 1:15 (NLV)
Mag ons elkeen in verwondering bly hieroor wanneer ons Kersfees vier. Baie dankie vir die saamstap die afgelope jaar.
Geseënde Kersfees Hoogland. *Liefde Saretta*